DIE ONTWIKKELING VAN DIE ONDERWYS TE RIVERSDALE 1745 - 1871

Deur

TINIE ANNA PAUW.

Pectora roborant cultus recti

Verhandeling ter verkryging van die B.E.D. graad.
Aan die Universiteit van Stellenbosch.

November 1938.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUD.

Afdeling I : Die Vroeë Periode 1745 - 1838 Bls. 1 - 9

Hoofstuk I : 1745 - 1838 " 1 - 9

(a) Stigting van Swellendam

(b) Toestand van Onderwys

(c) Stigting van Riversdale

Afdeling II : Geleidelike Uitbreiding " 10 - 45

Hoofstuk II : Ontwikkeling 1838 - 1848 " 11 - 16

(a) Oprigting van eerste skool te Riversdale 1842

(b) Stigting van aparte distrik 1848 Geografiese Gegewens.

(c) Ontwikkeling van Onderwys

Hoofstuk III : Jare van Stilstand en Verval 1848 - 1860 " 17 - 32

Hoofstuk IV : Vooruitgang en Ontwikkeling 1860-1871. " 33 - 45

(a) Snelle vooruitgang van Sendingskole onder beskerming van die Engelse Kerk, N.G. Kerk en Berlynse Sendinggenootskap.

(b) Oprigting van Staatsondersteunde skool vir seuns 1863.

(c) Stigting van Publieke Meisieskool. 1871. Grondslag gelê ban huidige stelsel van twee aparte skole

Bibliografie. " 46 - 47

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING I

Die Vroeë Periode 1745 - 1838.

HOOFSTUK I.

1745 - 1838

Riversdale het nie bestaan onder hierdie naam voor 30 Augustus 1838 nie, maar het deel uitgemaak van Grootvadersbosch, die hedendaagse Swellendam, wat in 1745 op die Kliprivier gestig is . 'n Oorsig van die geskiedenis van die onderwys in Riversdale, sluit dus in sy vroeër stadium, die geskiedenis van die distrik van Swellendam in.

Onderwys in die buitedistrikte was uiters swak en in 1743 het van Imhoff die haglikheid van die posisie so terdeë besef, dat hy besluit het om kerke te bou en sieketroosters aan te stel, teneinde die verwaarlosing van godsdiens en onderwys teen te gaan. 'n Nuwe distrik te Grootvadersbosch sou ook aangelê word en 'n voorleser sou Sondae diens hou en gedurende die week die onderwys van die jeug waarneem. Van nou af sou onderwysers eers geëksamineer word voordat hul op die platteland kon gaan onderwys gee, maar hierdie reël is dikwels ontduik en privaatonderwysers het voortgegaan om slegs lees, skryf en die beginsels van die Gereformeerde godsdiens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die kinders te leer.

In 1745 word Abraham Schietekat [1] te Grootvadersbosch aangestel teneinde 'n skool te open en godsdiensonderig waar te neem. Alleen die bevolking in die nabyheid van Grootvadersbosch het enige voordeel getrek uit die aanstelling van Abraham Schietekat. Soos die distrik uitgebrei en die mense al verder van die dorp af weggetrek het, het die behoefte aan onderwysers groter geword. Aangesien dit gedurende die beginstadium van die H.O.I.K. gebruiklik was om matrose of soldate in diens van die Kompanjie, as onderwysers op die plase te huur, moes die verafgeleë boere van hierdie enigste middel gebruik maak.

Hierdie ontslane soldate en matrose het nie veel op die onderwysgebied beteken nie en Theal sê:-

> "The teachers or masters as they were termed, were discharged soldiers engaged for a short time by each farmer with a family and seldom men whose character commanded much respect".[2]

In die verafgeleë dele wat later Riversdale genoem is, was dit 'n baie groot probleem om hierdie rondgaande onderwysers te verkry. Die Swellendam distrik was baie afgesny deur die Hottentots-Hollandberge en as die riviere vol was, het dit

1) Theal : Hist. & Ethnology of Cape Colony before 1795 Vol. II. Bls. 512.
2) Theal : Hist. & Ethnology of Cape Colony before 1795 Vol. II. Bls. 286.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkeer erg bemoeilik. Selfs in later jare was die distrikte van Swellendam en Riversdale in die rekords van die H.O.I.K. bekend as die "Verre Afgeleegene Distrikten" en die toestand van onderwys was na gelang van hierdie benaming en kan daarvan afgelei word. Die verwaarlosing van die onderwys in hierdie dele was dus baie groot. Voor 1838 hoor ons alleen van een geval waar 'n rondgaande onderwyser in die Riversdalse dele diens gedoen en sy werk goeie resultate gelewer het. 'n Sekere boer M.W. Theunissen van Soetmelksvlei, het 'n offisier van die H.O.I.K. gehuur om as 'n soort van onderwyser op te tree. Die bure het ook hul kinders daarheen gestuur en buite skoolure het die onderwyser ook met die plaaswerk gehelp. Die rondgaande onderwyser het ook die kinders gekatkiseer en hul sillabus was spel en lees uit die Trap der Jeugd en ook rekenkunde. Die kinders het nie van een klas na 'n ander gegaan nie, maar het vooruitgang gemaak deur van een boek tot 'n meer gevorderde te gaan.

In hierdie vroeër jare van 1745 - 1838 toe Riversdale assulks nog nie bekend was nie en alleen 'n klein, niksbeduidende onderdeel van Swellendam uitgemaak het, is daar absoluut niks ten behoewe van die onderwys in die dele gedoen nie. Alleen op die dorp het die kinders onderwys ontvang en die verafgeleë minderbevoorregtes is geheel en al verwaarloos.

In 1834 kry ons 'n klein verbetering in die onderwysstelsel van die Kaap, toe vasgestel word deur die Bybel en Skoolkommissie dat 'n vaste salaris aan onderwysers betaal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou word, die som van £40 per jaar nie te bowe gaande. Ook vir elke tien leerlinge word £5 gestem plus klein fooie van welgestelde ouers . Die betrekking van onderwyser word dus meer aantreklik gemaak en twee-en-twintig sulke skole word nou in die lewe geroep. Hierby kom ook nog 'n klas van Elementêre Skole [3] waar die Skriba van die Nederduits Gereformeerde kerk diens doen as onderwyser en 'n klein salaris van die Regering ontvang vir beide dienste. Waar nuwe kerke opgerig word, kon hierdie nuwe soort skool dus verwag word. Daar was ook 'n hele aantal uitstekende privaatskole oral in die Kolonie. Veral Sir John Herschel het hom sterk beywer vir 'n

> "scheme for the reform of the Colonial School Establishment" [4]

wat hy as noodsaaklik beskou het.

Dus aan die vooraand van die stigting van Riversdale lyk sake op onderwysgebied meer rooskleurig. In die Riversdale dele egter

> "the farmers were still in the habit of employing private tutors, who were usually men of little learning and of intemperate habits, so that their office was held in small esteem" [5]

Die klein bevolking in hierdie dele en die uitgestrektheid van die land was die oorsaak dat 'n skool nognie in die

3) Theal : History of S. Africa since 1795 Vol.II. Bls. 209
4) Appendix II to Votes & Proceedings of Parliament 1863.
5) Theal : Hist. of S. Afr. Since 1795 Vol. II Bls. 209.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Riversdale gebied gestig was nie en dat die onderwys baie gebrekkig was.

Intussen het die bevolking rondom die Vetrivier in die uitgestrekte distrik van Swellendam geweldig uitgebrei en die behoefte aan 'n kerk is baie sterk gevoel. 'n Komitee is gekies.

> "to whom on the 24th of July 1838 a portion of the estate Doornkraal - afterwards increased to 848 morgen - was transferred by the farmer from whom it had been purchased. Building sites for a village were then surveyed and sold"[6]

Dr. Robertson van Swellendam het hom sterk beywer vir die erkenning van hierdie nuwe dorpie te Vetrivier wat rondom die pasgestigte kerk aangewas het en op 28 Augustus rig hy 'n brief aan die Koloniale Kantoor met die versoek dat die nuwe dorpie "Riversdale" genoem moet word.

Hy wys daarop dat

> "I was deputed by the Managers thereof to request the Civil Commissioner Mr. Rivers, to allow the village to be named after him to which he has kindly consented"[7]

Hy sluit ook die briewe van die Komiteelede en Harry Rivers in. Eersgenoemde se brief dateer die 20ste Augustus 1838 en

6) Hist. of S. Afr. Since 1795 Vol. II. Theal . Bls. 217-18.
7) Consistories 1838 (844).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lui o.a.

"Esteem for yourself and a feeling of gratitude for the benefit conferred by you on this District, and also on this place of Worship, induce us to make this proposal which we hope will not be rejected"[8].

Op 24 Augustus antwoord Harry Rivers en spreek sy dank uit en ook sy bereidwilligheid om met die voorstel akkoord te gaan. Hy heg 'n naskrif aan sy brief wat as volg lui,

"Perhaps the Managers would allow me to suggest the substitution of the name of Rivers-dale for that of Rivers-ville, being more English, and I may also say, more like Dutch"[9]

Dus op 28 Augustus 1838 word Riversdale as aparte dorp gestig hoewel dit nog 'n deel van die distrik van Swellendam uitmaak.

Tot 1839 was al die skole onder kontrole van die Bybel en Skool Kommissie en Theal sit die stelsel as volg uiteen

"In each district there was a school board, consisting of the resident magistrate as chairman, the clergyman, and a number of members elected by contributors to the funds. These boards nominated the teachers, but the governor had the right of appointment. They provided schoolrooms, school furniture and residences

8) Consistories 1838 (844)

9)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

for the teachers, usually collecting funds for the purpose by public subscription"[10)]

'n Derglike onderwysstelsel sal ons dus op die pasgestigte dorpie, Riversdale, ook verwag. Maar in 1839 onder die invloed van Sir John Herschel word die Bybel en Skoolkommissie deur 'n Superintendent Generaal van Onderwys vervang en twee nuwe soort skole word in die lewe geroep n.l.

1. Elementêre Skole waar die onderwyser £100 per jaar van die Staat ontvang, vry inwoning of £30 per jaar vir losies onkoste. Die plaaslike bestuursliggaam moet nog voorsiening maak vir die skoolgeboue ens.[11)]

2. "Classical Schools"[12)] wat veral in groter dorpe opgerig is en waar feitlik net Skotse onderwysers in diens geneem is. Hier was die besoldiging £150, vry inwoning of £30 en fooie van leerlinge nie £4 per jaar te bowe gaande. Hierdie skole was almal Engelsmedium.

Tenspyte van al hierdie veranderings en verbeterings aangebring, in die onderwysstelsel, sou 'n volle jaar verstryk voordat voorsiening vir 'n skool op Riversdale gemaak is. In die verloop van die jaar het die dorp baie uitgebrei en het 'n Kommissie bestaande uit afgevaardigdes uit Caledon, Swellendam, Bredasdorp en Riversdale die distriksgrense vasgestel en be paal

"that the Parish of Riversdale shall provisionally consist of Riversdale, Vette-River, Kaffer-Kuils River, Valsch River, Onder Duivenhoks-River,

10) Theal : Hist. of. S. Afr. Since 1795 Vol.II Bls.208

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Groot Zwarte-Berg and Lange Berg - embracing an extent of country reaching from Duiwenhoks-River to Gouritz River, and in the same line across the Carroo to the Zwarte-Berg Mountains and containing a population of nearly 5000 souls"[13]

Die uitgestrektheid van die distrik en die moeilikhede i.v.m. verkeer, het onderwys aansienlik bemoeilik. Selfs Ds. Moorrees, die eerste predikant van Riversdale moes klagte indien oor die verkeersmoeilikhede wat veroorsaak dat die bevolking sonder godsdiens onderrig en onderwys moet lewe. Dr Robertson wou die treurige toestand van die onderwys in hierdie dele sterk onder die aandag bring en sê o.a. in die Zuid Afrikaan

"Allen die genood saakt zyn veel onder de Boeren te reisen weten hunne bezordheid om hunne kinderen te laten opvoeden en die moeijelikheden waarmede zij te worstelen hebben in het bekomen van onderwijzers"[14]

Geen bekwame onderwyser sou vir 15/- of 'n £1 in die maand werk nie en derhalwe stel Dr. Robertson voor dat 'n som van £200 - £250 per jaar aan 'n distrik toegeken moet word vir die oprigting van skole. Plaaslike skoolkommissies kon dan toesig hou in die verskillende Veldkornetskappe.

Maar eers in Desember geluk dit Ds. Moorrees om die goedkeuring te verkry vir die aanstelling van C.L. Wentzel as Skriba

13) Consistories, Glergymen and Missionaries 1839 (853)
14) Byvoegzel tot de Zuid Afrikaan Vrydag 5 Febr. 1839.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met die oog om hom later ook as onderwyser te laat diens doen.

Dit is dus duidelik dat die verkeersmoeilikhede, die uitgestrektheid van die land en die feit dat Riversdale so afgesny was van die beskawing, veroorsaak het dat Riversdale nie so snel vordering op onderwysgebied kon maak soos baie van die meer gunstig geleë distrikte in die Westelike Provinsie nie. Daar is gedurig deur die S.G.O.'s daarop gewys dat die meeste ongekwalifiseerde onderwysers in die Riversdale distrik gevind is. Dit is heel natuurlik aangesien geen bekwame onderwyser na die verafgeleë deel wou gaan waar daar nognie eers 'n skoolgebou opgerig was nie.

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

AFDELING II.

Geleidelike Uitbreiding .

HOOFSTUK II

Ontwikkeling vanaf 1838 - 1848 .

Die eerste vier jaar na die stigting van Riversdale het stil verby gegaan en eers in 1842 word vir die eerste maal iets gedoen ten behoewe van die onderwys aldaar. Die skriba, Mnr. C.L. Wentzel is uiteindelik as onderwyser aangestel en sy salaris van £30 per jaar

> "is for the joint situations of schoolmaster and church clerk"[1].

Hy het die gewone metode van onderwys gevolg maar aangesien die distrik feitlik uitsluitlik Hollandsprekendes bevat het, is Hollands as medium dwarsdeur gebruik . Sy totale aantal leerlinge was slegs tien, waarvan nege meisies was. Omdat daar so lank gesloer is met die oprigting van 'n skool was die entoesiasme aanvanklik baie klein. Die boere het verkies dat die seuns op die plaas moes werk, hoewel die meisies na die skool kon gaan.

In 1843 egter, toe nog twee kinders bygekom het, was daar reeds sewe seuns en slegs vyf meisies in Mnr. Wentzel se skool. Die idee dat kinders, en ook seuns, onderwys moet ontvang het begin posvat en meer algemeen geword. Die aantal leerlinge in

1) Cape of Good Hope - Education 1842.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die skool was egter maar klein omdat die verkeer soveel moeilikhede opgelewer het. Van die paaie word gesê

> "a great portion of it is, in Winter, one continuous quagmire".[2]

In 1844 lê die S.G.O. skriftelik bepalings neer wat betrekking het op die skool waargeneem deur die skriba, Mnr. Wentzel. Die distrikskool,[3] wat 'n publieke skool is, sou toegang verleen aan alle klasse van die gemeenskap. Die skriba kry nou, behalwe sy jaarlikse fooi, £20 vir elke tien leerlinge wat hy meer kry. 'n Voorwaarde aan die bepaling verbonde, was dat in alle derglik ondersteunde skole, Engels die voertaal sou wees. Die metode van onderwys word as volg neergelê

> "The course of Elementary Instruction shall be gradually introduced to a greater or less extent as circumstances admit". [4]

Daar kan egter geen voorsiening vir 'n skoolgebou gemaak word nie, alleen boeke en leie sou verskaf word. Die inwoners van Riversdale moes dus self 'n kamer huur en inrig waar Mnr. Wentzel sou kon optree.

Op 8 Maart 1844 skryf Rose-Innes, die toenmalige S.G.O. aan Ds. Borcherds, die nuwe predikant van Riversdale en willig in om die distrikskool te Riversdale op dieselfde basis te plaas as die op Tulbagh, Somerset-Wes en ander. Hulp sou nl. as volg

2) Swellendam & Caledon 1840 (886)
3) Mnr. Wentzel se Skool heet d. distrikskool
4) Letter Book Sup. Gen. of Ed. Cape Town 1843 -48

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verleen word

> "proportionate to the average attendance for the year and on the condition that the school be acessible to all classes of the community. The state of Compensation is as follows : for an average attendance of 20 Pupils the compensation is £20 and an additional £5 for every 10 pupils above".[5)]

Ons sien dus dat die eerste skool op Riversdale 'n staatsondersteunde skool was en onder dieselfde bepalings en voorwaardes geval het soos al die "church clerk Schools" van daardie tyd. Gedurende die jaar is daar verskeie pogings aangewend om die skoolkamer te verbeter. In Julie bv. rig Rose Innes 'n brief aan Ds. Borcherds waarin hy informasie verlang i.v.m. die onkoste vir 'n plankvloer vir die skool, 'n lessenaar vir die onderwyser en 'n swartbord. Hiervan kan ons aflei onder watter omstandighede die kinders onderwys ontvang het, selfs twee jaar nadat die skool gestig is. Meubels en meer boeke word ook om aanvraag gedoen deur Mnr, Wentzel en Rose Innes wys hom daarop dat hy elke kwartaal 'n rapport van die skool na die Onderwys Departement moes stuur.

Aan die einde van 1844 vind ons 39 leerlinge in Mnr. Wentzel se skool en as gevolg daarvan word daar op 24 Desember aansoek gedoen vir 'n verhoging van £5 vir die onderwyser. In die S.G.O. se rapport aan die einde van die jaar word feitlik geen melding

5) Letter Book Sup. Gen. of Ed. Cape Town 1843-48.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gemaak van enige vooruitgang van die distrikskool nie. Hy wys egter net daarop dat moeilikheid ondervind is met die toepassing van Engelsmedium

> "the school being in the midst of a Dutch community the language is first taught the pupils and the English language is subsequently taught in connexion with the Dutch."[6)]

In Mei van die volgende jaar kry ons 'n verandering in die stelsel van besoldiging tot nogtoe in die "church clerk Schools" toegepas. Sekere aanbevelings vir bespreking deur die Kerkraad is deur die S.G.O. gedoen. Voortaan sou die salaris van die onderwyser as volg verkry word: drie vyfdes van die salaris sou betaal word deur die Onderwys Departement en twee vyfdes uit fondse wat die kerkraad beskikbaar sou stel. Ook sou die onderwyser van die Departement kry

> "compensation in lieu of fees, according to the scale at present in use"[7)]

Volgens hierdie stelsel het Mnr. Wentzel £18 van die Departement gekry asook 'n kompensasie van £7 - 10 - 0 na gelang van sy aantal leerlinge. Die res is uit die kerkraadfonds betaal.

Aangesien die skool vry was vir alle klasse het daar soms moeilikheid i.v.m. die kleurling kinders bestaan. So 'n geval kry ons in Mei van hierdie jaar toe Mnr. Wentzel moes rapporteer

> "of the persons of color who have been excluded from your day school"[8)]

6) Cape of Good Hope 1844
7) Cape of Good Hope 1845
8) Ibid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie saak het gesloer tot Junie toe meer duidelikheid verkry is. Die kleurlinge as geheel was nie ontevrede nie, maar een het gekla dat sy dogters 'n aandskool[9] moes bywoon. Hier kry ons 'n nuwe ontwikkeling nl. 'n aandskool wat in 1845 geopen is alleen met die doel om diegene wat bedags werk in die geleentheid te stel om onderwys te geniet. In hierdie eerste jare het ons so te sê geen verdere informasie insake hierdie aandskool nie. Die kleurlingkinders wat die distrikskool bygewoon het, is alleen na drie namiddag toegelaat om onderwys te ontvang. As dit nie die geval was nie, sou die blankes hul kinders van die skool onttrek het. Omrede hierdie stemming word 'n verbetering aangebring en in Julie kry ons twee dagskole een vir wit en een vir gekleurd, 'n stelsel waarop die huidige sisteem basseer is, asook die genoemde aandskool. By Julie het die aantal kinders in die distrikskool aangegroei tot 41 en die predikant Ds. Borcherds het gereëld inspeksie gehou. Hy moes die werk van 'n skoolkommissie doen want totdat skoolkommissies aangestel sou word op die kleiner stasies waar skribas ook distriksonderwysers was

> "the respective clergymen be requested to act as visitors, on behalf of the Government"[10]

Hoewel die vooruitgang wat gemaak is nie groot was nie kon vordering tog in 1845 bespeur word, aangesien die dorp nou twee dagskole en 'n aandskool gehad het. Die distrikskool was egter nie 'n gebou waarmee gespog kon word nie aangesien die kerk baie beswaarlik hul twee vyfdes van die onderwyser se

9) Die aandskool is besoek deur beide blank en gekleurd.
10) Letter Book 1843 - 1848.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

salaris kon bybring en derhalwe nie verbeterings aan die skool self kon aanbring nie. Die skool is later verskuif na die plek waar die ou Pastorie in Langstraat vandag nog staan. Hier kon Mnr. Wentzel onder meer bevredigende en higiëniese omstandighede sy leerlinge onderrig.

Vir die volgende drie jaar tot 1848 bly die toestand van onderwys op Riversdale onveranderd, die totale aantal leerlinge gedurende hierdie tyd bly ongeveer 40 en die enigste kontak tussen die Onderwys Departement en die distrikskool, is die gedurige korrespondensie aan Mnr. Wentzel om meer gereeld sy kwartaalse rapporte op te stuur.

Dat vooruitgang op ander gebiede ook verlang is, wys die herhaalde aansoek om 'n vrederegter, polisie, 'n tronk en beter akkommodasie fasiliteite vir die amptenare asook vir die onderwyser.'n Brief in die Zuid Afrikaan van Maart 1847 wys op die ongereëldhede met die Hottentotte wat al meer aan dronkenskap ly. Die magistraat van Swellendam kon nie sy pligte op Riversdale nakom nie want

> "wy wonen 10 uren te paard of 60 mijlen van den naasten magistraat".[11]

Op 8 Maart 1848 stel Sir Harry Smith, wat op 25 Februarie Riversdale besoek en sake deeglik ondersoek het, elf nuwe magistrate aan en Majoor Barnes kom na Riversdale in die kapasiteit. In Barnes se briewe wys hy op die slegte paaie, die moeilikhede met vol riviere, die swak akkomodasie nl.

11) De Zuid Afrikaan , Maart 1847.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die gebrek aan 'n tronk en publieke kantore. Met die aanstelling van Majoor Barnes as eerste magistraat van Riversdale, skei die dorp van Swellendam af en word 'n aparte onafhanklike distrik uitgeroep. 'n Nuwe periode breek nou aan, aangesien die plaaslike belange van die distrik van nou af baie beter behartig kon word en vinniger en groter vooruitgang op elke gebied verwag kon word. Die verwagting is, dus baie hoog dat op onderwysgebied Riversdale nou ook vordering sal maak en sal begin presteer.

In Julie brei die distrik nog meer uit toe die bevolking van Onder Duivenhoksrivier in 'n petisie hul verlange te kenne gee om onder die jurisdieksie van die magistraat van Riversdale te val. Die distrik van Riversdale bestaan nou 'n baie groot en uitgestrekte gebied en word verdeel in die volgende Veldkornetskappe: Riversdale, Kaffir, Kuilsrivier, Valschrivier, Vetrivier, Langeberg, Groot Swartberg en ook Onder-Duivenhoksrivier. Hier-die uitbreiding en uitgestrektheid maak die behoefte aan meer skole en onderwysers baie groot maar die verre afstande skyn 'n baie groot struikelblok in die ontwikkeling van onderwys te gewees het.

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III.

Jare van Stilstand en Verval 1848 -1860

Tenspyte van die feit dat Riversdale in 1848 as 'n aparte distrik met 'n eie magistraat uitgeroep is en van toe af meer aandag sou geniet, was vooruitgang op onderwys gebied nie gou te bespeur nie. In Sept. 1848 besoek Biskop Gray Riversdale en sê

> "The village is prettily situated and is increasing rapidly".[1]

Volgens hom was daar feitlik 100 Engels-sprekende persone in die dorp maar voorsiening vir 'n Engelse predikant en Engels mediumskool was tot dusver nognie gemaak nie. Deur sy aanmoediging besluit die Engelse gemeenskap om £80 per jaar in te samel teneinde een maal per maand die Engelse predikant van Swellendam instaat te stel om die dienste op Rive rsdale te kom waarneem. 'n Engelse skool, kon hy egter nog nie in die lewe roep nie.

In verband met die distrikskool sê Gray

> "We also inspected the Government School ....The coloured children are not allowed to come till three O'clock, when the white are dismissed, were this not done, the Dutch would withdraw their children"[2]

1) Journal of the Bishop's Visitation Tour through the Cape Colony in 1848 Bls. 13.
2) Tbid Bls. 14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy beklemtoon ook weer die uitgestrektheid van die distrik en meen dat die deel 'n baie groter bevolking kan dra

"all that is wanted is capital and industry"[3])

Biskop Gray was meer besorg oor die Engelse gemeenskap van die distrik en het hom dus nie beywer om verbeterings in die Hollands-medium skool aan te bring nie.

In die volgende paar jaar kry ons definitiewe agteruitgang in die distrikskool van Mnr. Wentzel. Die aantal kinders verminder tot 26 in 1850 en op sy tweede besoek aan Riversdale, skryf Biskop Gray die swak opkoms in die skole aan die die volgende redes toe.

a) Die ondoeltreffendheid van die onderwyser. Riversdale kon nie 'n deeglike opgeleide onderwyser verwag in 'n deel wat so afgesonderd was van die res van die beskawing en waar daar skynbaar min kanse was om opgang te maak op onderwys gebied nie.

b) Die skool het vry toegang tot alle klasse verleen en dit het altyd stremming veroorsaak. Blank en Gekleurd het ook dieselfde onderwys ontvang, met die gevolg dat die metode van onderwys baie primitief was omdat die kleurlinge die blanke kinders terug gehou het.[4])

c) Ook sê hy

"Teachers are allowed to take payments from parents who choose to pay. It is thought that the free children are neglected for these"[5])

3. Ibid Bls. 14
4. Dieselfde kursus is aan altwee sekse gegee
5. A Journal of the Bishop's Visitation Tour through the Cape Colony in 1850 Bls. 195

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy beskou die bestaande stelsel van onderwys gee nie in 'n te goeie lig nie

> "The government system of education now in operation cannot be considered as that which is best suited to the existing circumstances of the country"[6].

Volgens Gray was onderwyssake op Riversdale dus alles behalwe rooskleurig.

In 1852 kry ons 'n nuwe ontwikkeling met die aanstelling van 'n Skoolkommissie wat onderwyssake op Riversdale moes behartig. Die volgende persone was die eerste kommissielede: Die plaaslike magistraat, die predikant v/d N.G. Kerk en Mnr. J.P. Hudson, een van die mees vooraanstaande amptenare. In Desember word die skoolkommissie gelas om ondersoek in te stel of die skool van Mnr. Wentzel vordering maak want

> "Dr. Innes cannot recommend to the Government to continue Mr. Wentzel in charge thereof unless the expected improvement has taken place"[7]

Daar word aangetoon dat die getal skoliere nog steeds verminder en dat nou slegs twintig Mnr. Wentzel se distrikskool bywoon .

Heel aan die begin van die nuwe jaar 1852, word Mnr. Rainier, die tweede magistraat, gelas om die skoolkommissie se opinie in te win om te hoor of die distrikskool verbeter het of nie. Die noodsaaklikheid vir beter akkommodasie vir onderwyser en kinders word nou al meer besef en Mnr. Hudson word gevra om vir 'n nuwe

6) Ibid.
7) Letter Book 1848 - 1854

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skoolgebou te sorg. Die Skoolkommissie sluit 'n kontrak met Mnr Hudson en aan die begin van Mei kon hy rapporteer dat die gebou gereed is en teen £7 - 10 - 0 per jaar verhuur sou word. Die Departement moes voorsiening maak vir geskikte meubels vir die gebou. Die gebou is later sodanig verbeter dat dit vir 5 jaar van Mnr. Hudson gehuur is, teen 'n verhoogde huurgeld van £12 per jaar.

In Junie het die eerste inspeksie deur die skoolkommissie in die nuwe skool plaasgevind . Na verloop van 'n paar maande sou hul rapport indien in verband met die vordering en vooruitgang van die skool. Hul het die Departement ook weer versoek om die skool so spoedig moontlik van meubels te voorsien. Die aantal kinders het weer vermeerder nl. tot 31 en die Monitorstelsel[8] was nog steeds die enigste sisteem van onderwys gee.

Dit is opmerklik dat hoewel die Onderwys Departement betreklik min vir die distrikskool te Riversdale gedoen het, daar elke nou en dan sirkulêres uitgestuur is om te verneem of die skool vordering maak. Die rapporte wat die skool van tyd tot tyd moes opstuur, het dikwels volledige informasie met betrekking tot die toestand van die onderwys, bevat. So word in 'n sirkulêre van Julie 1853 die volgende verlang:

"1) The State of the School when Dr. Innes last inspected it.

2) The Classification of the School

3) Number of pupils in each class

4) Branches taught in each class

5) The Subjects discussed at the last inspection by Dr. Innes.

8) Cape of Good Hope-Education 1852

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6) General report of State and progress"[9]

Die rapport wat deur die sirkulêre verlang is, het die slegte toestand van onderwys in hierdie buitedistrik onder die aandag van die S.G.O. gebring. Hy is o.a. daarop gewys dat Mnr. Hudson se gebou nog steeds dien as 'n skool en dat daar 'n ernstige te kort aan Engelse skoolboeke is. Die kinders was so swak in die tweede taal dat selfs die elementêre "Primers' Chamberlains" leesboekies vir hul te moeilik was. In sy rapport oor die toestand van Onderwys in die buitedistrikte moes Dr. Innes die volgende van Riversdale sê . Die kennis van Engels was betreurensweardig, die toestand van die skool self het veel te wense oorgelaat en

"the common branches are taught to a very limited extent"[10]

Hy besef dat

"a more adequate provision ought to be made fot this station"[11]

Dat die inwomers van die dorp ook van mening was dat,

"a more adequate provision ought to be made"

blyk uit die aansoek van die grootste deel van die inwoners van Riversdale

"for a school on the Government Establishment instead of a common school, taught by a church clerk"[12]

9) Cape of Good Hope Education 1853.
10) Votes and Proceedings of Parl. Cape of Good Hope First session 1854 Bls. 179.
11) Ibid
12) Appendix to Votes and Proceedings of Parl. 1855 Bls. 449.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tenspyte van hierdie versoek is Riversdale aan die einde van 1854 nog niks verder nie en val die skool maar nog onder

> "elementary schools at minor stations, usually in charge of Church Clerks"[13)]

In sy memorandum van 22 November 1854 wys Dr. Innes daarop dat Riversdale maar nog volgens die ou stelsel sou moes aangaan aangesien die moeilikheid om 'n gekwalifiseerde onderwyser vir die distrikskool te verkry, so groot was. Hy toon ook weer aan dat aangesien 'n meer gevorderde staatsondersteunde skool met 'n onderwyser gesalarieër deur die regering, Engels as voertaal vereis, dit nog 'n struikelblok is in die weg van ontwikkeling op onderwysgebied in die Riversdale distrik, waar hoofsaaklik Hollandssprekendes gevestig was.

Omdat die kerk so beswaarlik 2/5 des van die onderwyser se salaris kon bybring, nie net op Riversdale nie, maar ook op die ander verafgeleë buitedistrikte, het Dr. Innes teruggekeer na die vroeëre stelsel van besoldiging soos deur Sir John Cradock in 1813 vasgestel. Volgens hierdie stelsel sou die skriba wat ook diens doen as onderwyser weer 'n vaste salaris van £30 van die regering ontvang. Die S.G.O. was die mening toegedaan dat as die onderwyser te Riversdale beter besoldig word die 44 leerlinge aan sy sorg toevertrou, ook beter onderwys sou ontvang. Aan die slot van sy memorandum lê hy weer klem op die feit dat in die distrikskool te Riversdale beide tale, langs mekaar, geleer moet word, tenspyte van die feit dat Engels ook vir die onderwyser, Mnr. Wentzel, soveel moeite besorg het.

13) Letter Book 1855 - 57

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die baie swak kennis wat die kinders van Engels gehad het, word vir ons aangetoon in die korrespondensie van 1855:

> "The Dutch language is taught with more efficiency than the English"[14].

Alleen 4 kon die Bybel in Engels lees , 3 kon woorde met een lettergreep lees en 24 kon woorde met 3 lettergrepe spel. Alleen een kind is gevind vanaf 1852 tot 1855 wat werklik kennis van die Engelse taal het en die kennis was ook maar betreklik skraal. Verder word die toestand van die distrikskool aan die lig gebring deur na die Rekenkunde te verwys. Alleen een leerling kon 'n eenvoudige vermenigvuldig som doen, ook met een kon 'n aftrek som doen en 10 het die optel som al baasgeraak. Ook was die skoolbesoek baie ongereëld en die rede wat hiervoor aangevoer is is dat die ouers die kinders tuis gebruik en geen belang stel in onderwyssake nie. Hul kry ook alles vry, hoewel sommige kon betaal en derhalwe doen hul geen moeite en beywer hul geensins vir die vooruitgang van hul kinders op skool nie.

Die swak toestand van die onderwys was grootliks te wyte aan die onbekwaamheid van die onderwyser in die persoon van Mnr. Wentzel. Die onderwysdepartement het dit terdeë besef soos blyk uit herhaalde briewe aan die kerkraad gerig gedurende die hele jaar van 1855. In Junie voel die S.G.O. dat 'n drastiese optrede nodig was om meer bevredigende resultate te verkry en derhalwe word 'n brief aan Ds. Borcherds, die magistraat Rainier en Mnr Hudson gerig. Onder andere sê Dr. Innes

14) Letter received - Robertson etc. 1851 - 1859

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"The church Clerk's School at Riversdale has not for some time accomplished the object for which government aid was granted it, either as it regards the number enrolled, the daily attendance or the state of progress of the classes"[15]

As gevolg hiervan word die drie persone gelas om ondersoek in te stel en rapport uit te bring i.v.m. die volgende punte wat betrekking het op Mnr. Wentzel se skool.

a) Tot watter mate beide tale onderwys word en met watter bekwaamheid.

b) Watter onderwerpe word doseer en met welke bekwaamheid.

c) Die redes vir die slegte bywoning van die daaglikse klasse.

d) Of die kinders wat die skool verlaat het sedert Dr. Innes se besoek in 1852, die gewone onderwerpe en die twee tale ken.

Mnr. Wentzel word verwittig van die ondersoek en beveel om die drie here vry toegang tot sy skool te verleen asook alle informasie aan hul te verstrek wat hul sou verlang. Die S.G.O. rig die aandag weer op die verval en agteruitgang van die skool en die treurige verskynsel dat net 4 kinders die Bybel in Engels kom lees, net een 'n menigvuldig som kon doen en nie een instaat is om letters aanmekaar te skryf nie. Dit was die toestand dertien jaar nadat die skool gestig is. Die feit dat daar

15) Letter Book 1855 - 57

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geen verandering in die onderwysstelsel gekom het en 'n onbekwame onderwyser onafgebroke vir dertien jaar die onderwys waargeneem het verklaar hierdie treurige toestand. Omdat die onderwys so agterlik was, het die ouers geen belang daarin gestel nie en het hul nie die moeite getroos om 'n beter skoolgebou op te rig en beter fasiliteite vir die onderwyser te verkry nie.

Tenspyte van die ondersoek was daar geen verbetering te bespeur nie en in Oktober gee die Onderwysdepartment aan die kerkraad die volgende aan die hand

> "to find other employment for the incumbent and select a more competent teacher"[16]

Die antwoord van Ds. Borcherds was egter, dat hul nie kans sien om 'n ander onderwyser te vind en om vir Mnr. Wentzel ander werk te verskaf nie.

As laaste uitweg kom Dr. Innes toe met 'n ander versoek nl. dat

> "the inhabitants themselves should take the school in charge, and apply to Government that the present support be transferred to them on the opening of an elementary school free to all classes"[17]

Hoewel die toestand van die blanke distrikskool te Riversdale veel te wense oorgelaat het, kom daar 'n nuwe ligpunt in die ontwikkeling van onderwys toe 'n Sendingskool in September opgerig word. Die snaakse verskynsel is dat ook blanke kinders

16) Report on Public Education for the year 1855 and the 1st half of 1856
17) Appendix to Votes and Proceedings of Parl. 1855

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie skool besoek het, maar aangesien die nuwe skool die distrikskool in doeltreffendheid ver oortref het, is dit heel natuurlik. Die skool is aan die begin van September 1855 in die lewe geroep en wel onder beskerming van die Engelse Kerk. Van die skool word die volgende gesê

"Of the 39 children enrolled 19 were of European descent and 20 the children of coloured parents. 25 were between five and ten years of age and 14 between ten and fifteen. The usual elementary branches are taught. There is an evening school for adults with an attendance of 12. The Sunday School is attended by 50. Both the Dutch and English languages are used"[18)]

Die onderwyser was 'n sekere Mnr. Roberts wat so ver as bekwaamheid aangaan skitterend was in vergelyking met Mnr Wentzel. Hy kon ook al sy aandag aan sy skool gee aangesien hy nie nog kerklike pligte gehad het soos Mnr. Wentzel nie.

Aan die einde van 1855 het Riversdale dus 'n blanke distrikskool onder leiding van Mnr. Wentzel, 'n Engelsmedium Sendingskool waargeneem deur Mnr. Roberts en onder toesig van die Engelse kerk, asook 'n aandskool hoofsaaklik vir kleurlinge maar ook vir blankes wat nie die dagskole kon bywoon nie. Al drie skole het vry toegang vir alle klasse toegestaan en staatsteun is aan aldrie verleen.

Dit skyn asof die distrikskool gedoem was om agteruit te gaan en veral omdat die Sendingskool van die staanspoor af

18) Cape of Good Hope Education 1856

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vinnig vordering gemaak het, was die agteruitgang van die distrikskool soveel meer opmerklik . In 1856 moes Mnr. Wentzel sy skool in Langstraat vaarwel sê omdat die eienaar die gebou in 'n winkel verander het . 'n Baie kleiner kamertjie word gehuur en hier moes die leerlinge nou onderwys ontvang. Die ventilasie was ook baie swak en dat hierdie slegte toestande geensinds bygedra het om sake te verbeter nie, is heel verstaanbaar. Weer gee die S.G.O. aan die hand dat ander reëlings i.v.m. die distrikskool getref moes word. Hy stel voor dat 'n komitee, gekies deur inwoners van Riversdale, en onder Voorsitterskap van die Magistraat nou

"the maintenance and Supervision of the Public School".[19]

op hul moet neem en dat die staat aan hul steun sal gee om die distrikskool te kan bestuur.

Dat die onderwysdepartement wel die belange van onderwys in hierdie verafgeleë distrik wou behartig, kan ons nie betwyfel nie, maar in vergelyking met wat vir ander distrikte gedoen is, word dit duidelik dat die skool op Riversdale nie 'n troetelkind van die Staat was nie. Wellington, Franschoek en Mosselbaai bv. het onderskeidelik van die staat ontvang £83, £58 en £130 terwyl Riversdale slegs £30 gekry het . Geen wonder dat die entoesiasme op onderwysgebied baie laag was onder die bevolking van Riversdale.

Daar was veel meer entoesiasme vir die Sendingskool van die Engelse kerk en reeds vanaf die staanspoor was daar 5 leerlinge

19) Riversdale - Letters Received Miscellaneous 1848 - 1887

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer as in die distrikskool. Ook die belangstelling onder die blankes het opgeflikker en later selfs die van die kleurlinge oortref. In 1857 was daar byvoorbeeld twintig blankes en neëntien kleurlingkinders. In die aandskool[20] was daar geen kinders nie maar twaalf volwassenes het die klasse getrou bygewoon. 'n Sondagskool is ook begin en dit is bygewoon deur sestig persone.

Die skool kon vinniger vooruitgang maak aangesien dit finansieël baie sterker was as die distrikskool. Beide skole het slegs £30 as toelaag van die regering ontvang maar die Sendingskool het jaarliks 'n addisionele £40 gekry uit vrywillige bydraes. Ons hoor nooit dat selfs een persoon iets vrywilligs gegee het vir die distrikskool nie.

Aan die begin van 1858 gee Dr. Innes kennis van sy koms na Riversdale met die doel om inspeksie van die skole te doen en onderwyssake in die algemeen te ondersoek. Wat hy daar gevind het was alles behalwe bevredigend. Van die distrikskool sê hy in sy rapport

> "This school has become vacant, from the age and impaired health of the teacher, who was also clerk of the Dutch Reformed church. It has been proposed to the inhabitants to establish, with Government aid, a school of a higher standard, but hitherto no steps have been taken towards this object"[21]

20) Die aandskool is in 1845 gestig en beide blank en gekleurd het dit bygewoon.
21) Letters received Robertson etc. 1857- 1859

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Al wat daar nou oorbly vir die blanke kinders is om die Sendingskool te besoek en die feit dat 32 van die 46 leerlinge aan die Sendingskool blanke kinders was, skryf Dr. Innes toe aan

"the present inefficient state of the district School"[22)]

Hy maak verder melding van die toestand van onderwys in die Sendingskool. I.v.m. die Senior leerlinge sê hy

"six could read with accuracy and ease; five accurately but not fluently; twelve are imperfect readers. Reading, writing, Arithmetic, the outlines of grammar, geography and sacred history are taught to the advanced pupils"[23)]

Die grootste belemmering vir vooruitgang is die ongereëlde skoolbesoek van die leerlinge. Die aandskool het nou agtien leerlinge bevat en die Sondagskool het met tien verminder en die getal was dus nou vyftig.

'n Verdere terugslag vir die dorp kom in die vorm van Mnr. Roberts, onderwyser van die Sendingskool, se versoek aan die regering om hom in 'n meer gevorderde skool te plaas met 'n beter salaris aangesien

"I am able to manage a school and to teach the usual branches of an English Education. I can also teach Dutch if required"[24)]

Die versoek word deur die S.G.O. , Dr Innes op 2 Okt. 1858 ontvang.

Aangesien die distrikskool vir 'n tydperk gesluit is en die onderwyser van die Engelse kerkskool ook kennis gegee het van sy

22) Ibid.
23) Letters received Robertson etc. 1851-1859.
24) " " " " " " .

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorneme om die distrik te verlaat, word die distrik van Riversdale, wat onderwyssake betref, in 'n haglike posisie geplaas.

Dr Innes maak nou melding van 'n vergadering van inwoners van Riversdale, gehou tydens sy besoek aan die dorp waar

> "it was proposed to raise by contribution the sum of one hundred and fifty pounds annually for a period of five years, with which and government aid they hoped to engage the services of a first-class teacher"[24]

Nou dat die nood so hoog loop beloof Dr. Innes sy steun aan so 'n onderneming asook aan die voorneme om 'n eerste-klas skool aldaar te stig. Hy maak ook melding van die vakke wat in so 'n eersteklas skool doseer moes word nl. lees, skryf en praktiese rekenkunde, 'n grammatiese kennis van die Engelse taal en ook van die Hollandse waar nodig en 'n algemene kennis van aardrykskunde en geskiedenis. Maar die einde van die jaar het aangebreek en die saak was nog onaangeroerd.

Langdurige briefwisseling tussen die Afdelingsraad en kerkraad van Riversdale lei tot 'n brief aan die regering op 4 Mei 1859 vir

> "better provision for the Educational wants of the District".[25]

Aangesien Mnr. Wentzel bedank het, so lui die brief, word die voorstel ingedien om 'n gekwalifiseerde persoon aan te stel om 'n tweede-klas skool waar te neem en om ook, netsoos in die geval van Mnr. Wentzel, as skriba van die N.G. Kerk te dien. Die

24) Appendix I to Votes & Proceedings of Parl. 1858.
25) Riversdale-Letters Received Miscellaneous 1848-1887.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kerkraad wou graag weet watter steun die Regering sou aanbied en of die salaris nie verhoog kon word aangesien geen bekwame persoon met 'n besoldiging van £30 tevrede sou wees nie.

Die antwoord van die Departement was, dat as die inwoners 'n meer gevorderde skool verlang en dit sou ondersteun, die saak voor die parlement gelê sou word. Maar dit moet 'n skool wees soos die wat gedurende hierdie tyd op Richmond gestig is nl. los van enige gemeenskap of kerk.

> "Any increase of and to a school at Riversdale should be to one which has no connexion with any particular church"[26)]

Hierdie voorstel sou ook eers 'n paar jaar agterweë bly tot die noodsaaklikheid vir 'n publieke staatsondersteunde skool so sterk word dat die departement genoodsaak sou wees om stappe in die regte rigting te doen.

Hierdie twaalf jaar vanaf 1848 - 1860 was dus twaalf maer jare wat onderwys op Riversdale aangaan. Na twaalf jaar loop die enigste middel ter bevordering van die blanke onderwys dood nl. die distrikskool en die enigste uitweg was dat die blanke kinders na die Sendingskool van die Engelse Kerk hul toevlug moes neem. Entusiasme onder die ouers was baie laag maar dit kan toegeskryf word aan die feit dat hul feitlik niks van onderwyssake afgeweet het nie omdat hul so afgesonderd gelewe het, weg van die beskawing. Ook kon hul geen bekwame onderwysers kry om in so 'n verafgeleë distrik en vir so 'n klein salaris

26) Riversdale - Letters received miscellaneous 1848-87.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hul kinders te kon oplei nie.

Die onderwys Departement se gebrek aan belangstelling in en beywering vir die saak van onderwys in die verafgeleë distrikte, het ook veel bygedra tot die onbevredigende toestand wat ons aan die einde van 1859 in Riversdale aantref.

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV.

Vooruitgang en Ontwikkeling 1860 - 1871.

In 1860 word Sir Langham Dale as S.G.O. aangestel in die plek van Dr. Innes, wat sovoel jare die belange van onderwys en opvoeding behartig het. Die nuwe S.G.O. het in sy jaarlikse rapporte breedvoerige aanmerkings oor elke skool op Riversdale en in die distrik gemaak en sodanig die vooruitgang jaar na jaar geskets.

Hy het al dadelik aan die begin van die jaar op 'n inspeksie reis gegaan om onderwystoestande te ondersoek, alvorens hy sy rapport opgestel het. Die Sendingskool van die Engelse kerk het nog steeds goeie vordering gemaak. Daar was 44 leerlinge in die skool aan wie die volgende vakke doseer is - lees in beide Engels en Hollands, Rekenkunde, Geografie, Geskiedenis en Engelse grammatika en ook opstelskryf. Die skoolgebou was in 'n goeie toestand en die onderwyser bekwaam en toegewyd.

Daar word geen melding gemaak van die heropening van die distrikskool nie. 'n Nuwe skool het egter ontstaan nl. 'n derdeklas plaasskool net oor die Vetrivier, 'n halfuur van die dorp af. Die skool het ook die naam gekry van Vetrivierskool, Riversdale. In 1860 het die Regering 'n toelaag van £15 aan die skool toegeken en nog £50 is uit ander bronne o.a. ook skoolfooie verkry. Daar was 23 kinders in die skool en alleen Rekenkunde, Engels en Hollands is aan die leerlinge doseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volgende jaar het die Vetrivierskool aan fondse £100 besit aangesien dit £30 van die Regering ontvang het en £70 is uit skoolfooie ingesamel. Nou is Geografie, Geskiedenis, Engelse grammatika en selfs kindertuinlesse ook gegee. Tenspyte van die vermeerdering in fondse het die getal leerlinge gedaal tot 19 en die toestand in die skool was alles behalwe rooskleurig. Die skoolkamer was klein en bouvallig met alleen twee banke ter beskikking van 19 leerlinge. Geen wonder dat dissipline en skoolbesoek swak was en die onderwyser moes rapporteer dat slegs drie skoliere Engels kon lees en dit maar met groot moeite, dat drie Hollands taamlik kon baasraak en dat 2 of 3 iets van rekenkunde begin begryp het en 'n begin gemaak het om letters te maak. Die predikant Ds. Borcherds het egter daarop gewys dat die distrik 'n depressie deurmaak en derhalwe kon veel aandag nie aan die skool gewy word nie. Hy het alle vooruitsigte gekoester op 'n snelle verbetering na die droogte.

Dr. Dale het besef dat hy hier weer te doen het met

> "an instance of the difficulty of diffusing a plain education among the farmers' Children, the building and emoluments are such that no daily qualified person would take charge".(1)

Maar hy is ook sterk onder die indruk dat:

> "To stop the allowance would be only to deprive those few children of the small advantages which they now have".(2)

(1) Appendix I Vol. I. To Votes and Proceedings of Parl.1862
(2) Ibid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1861 was die toestand in die Sendingskool van die Engelse kerk nog meer rooskleurig en die aantal leerlinge het reeds aangegroei tot 57. Die gebou is ook uitgebrei en vergroot sodat die leerlinge onder goeie omstandighede onderwys kon ontvang.

Die baanbrekerswerk van die Engelse kerk en die sukses wat behaal is met hierdie Sendingskool was 'n aansporing vir ander Sending genootskappe om ook derglike skole in die Riversdale distrik te stig . 'n Tweede poging word dus nou aangewend deur die Berlynse Sendinggenootskap wat 'n skool stig te Amalienstein wat destyds 'n deel van die Riversdale distrik uitgemaak het.

Die regering het 'n jaarlikse toelaag van £50 beskikbaar gestel en die entusiasme was so groot dat jaarliks nog £125 ingesamel is sodat die skool elke jaar £175 aan fondse besit het. Van die eerste jaar af was daar al 175 leerlinge in die skool en 1 onderwyser met twee assistente het die werk waargeneem.

Ook het die Berlynse Sendinggenootskap nog in dieselfde jaar 'n skool te Ladysmith, ook destyds in die distrik van Riversdale geleë, geopen. Hier was £70 die maksimum wat die skool verkry het, aangesien die Regering net £30 aangebied het. Die getal kinders was ook baie minder nl. 43 en alleen een onderwyser het in die Berlynse Sendingskool opgetree.

Ook die N.G. Kerk het nie agter gebly nie en stig 'n aand-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skool op die dorp wat dadelik 35 leerlinge trek. Indien hierdie skool staatsteun sou ontvang van ongeveer £30 sou Ds.Borcherds dit in 'n dagskool verander. Hy sou self die skool bestuur en het die mening uitgespreek dat die skool aan die Oostelike deel van die dorp sou wees, ver weg van die Engelse skool.

Die skool wat die grootste lof en eer van die S.G.O. weggedra het was Eerwaarde Taylor se skool[3] vir seuns. In sy rapport van 1861 sê Dr. Dale dat Eerwaarde Taylor

"a plain and sound English education"

doseer

"to about twenty boys, the children of wealthier inhabitants, who can afford to pay a fee of 7/6d. to 10/- monthly"[4]

Die Eerwaarde Taylor het die belang van die jeug van die distrik baie op sy hart gedra asook die lot van die kleurling bevolking. Hy het bv. aan Dr. Innes voorgestel dat 'n Engelse Sendingskool te Elbertskraal, Gouritzrivier in die lewe geroep word, aangesien daar 'n kleurling gemeenskap van ± 70 siele was en 35 kinders was aan die opgroei sonder enige onderwys.

Daar was al vroeër 'n begin deur Mev. Roberts gemaak om aan meisies privaat onderrig te gee[5]. Teenoor die een privaatskool vir seuns, kry ons nou in 1861 drie privaatskole vir meisies.

3) Dit was 'n Privaat skool in 1861 begin
4) Appendix I Vol. I. To Votes and Proceedings of Parl. 1862.
5) Mnr. Roberts 1ste onderwyser v. Eng. Sendingskool gestig 1855 en sy vrou het die onderwys aan meisies begin

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hier kry ons dus die basis waarop die huidige sisteem, van twee afsonderlike skole, een vir die seuns en een vir die meisies, basseer is. Van die privaatskole vir dames hoor ons egter baie minder as van Mnr. Taylor se skool vir seuns.

Tenspyte van die feit dat gedurende die eerste twee jaar van Dr. Dale se dienstyd drie nuwe Sendingskole, vier privaatskole en een plaasskool in die lewe geroep is, moes die S.G.O. tog aan die einde van die jaar erken

"there is a want of an elementary school offering a cheaper education (not above 2/6 monthly) to the children of the less affluent tradesmen, mechanics etc."

Hy het terdeë besef dat die privaatskole alleen voorsiening gemaak het vir die meer welgestelde kinders en die Sendingskole die onderwys van die kleurlinge behartig het. Dus vier-en-twintig jaar na die stigting van Riversdale was daar nog geen doeltreffende maatreëls getref vir die onderwys van die kinders van die grootste gedeelte van die bevolking van die Riversdale distrik nie.

Vir die kleurlingbevolking in die dorp en distrik was daar nou goeie voorsiening gemaak aangesien in 1862 die Regering die N.G. Kerk toegelaat het om hul aandskool in 'n dagskool te verander. Tenspyte van die feit dat die staat alleen £10 steun verleen het, het die kerk nogtans kans gesien om met so 'n skool te begin. As gevolg van hierdie nuwe Sendingskool het die getalle van die Engelse Sendingskool verminder tot 39. Van die Engelse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skool moes die S.G.O. egter ook in 1862 die volgende sê en veral van die onderwyser en sy assistente wat as monitors-opgetree het

"there is no evidence of work on the part of the teacher, a change of teachers is to take place"[30]

Ongelukkig word geen melding gemaak van die onderwyser wat op hierdie tydstip diens gedoen het, as opvolger van Mnr. Roberts nie.

Die Berlynse Sendingskool te Amalienstein, aan die onderkant, het steeds vooruitgang gemaak en twee vroue is bygekry om die onderwyser te help. Te Ladysmith egter het die getalle in 'n jaar met 14 verminder en was daar nou slegs 29 leerlinge in die Sendingskool. En tog vergelyk die Sendingskole baie gunstig met die skool vir blankes te Vetrivier wat in 1862 slegs 15 leerlinge gehad het. Dit is opmerklik hoe swak die toestand op onderwysgebied in die blanke skool was in teenstelling met die veel meer rooskleurige toestande in die kleurlingskole.

In Januarie 1863 word die toelaag aan die Vetrivierskool opgehef en aangesien daar nou geen staatsondersteunde skool vir blankes op Riversdale was nie,[31] was die regering genoodsaak om stappe te neem. Aangesien daar reeds drie privaatskole vir meisies bestaan het, sou voorsiening vir die onderwys van die seuns eerste gemaak word. 'n Regeringstoelaag van £75 word toegestaan vir die oprigting van 'n Jongenskool en met behulp van vrywillige bydraes wat die som van £75 beloop het, kon 'n

30) Appendix I Vol. I. To Votes & Proceedings of Parl. 1862.
31) Eerwaarde Taylor se skool het geen staatondersteuning gekry nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderwyser verkry word. Sover ons weet was 'n sekere Mnr. Esselen die eerste hoof van die Jongenskool en wel in die gebou waar nou die Poskantoor staan. Soos reeds vermeld het Mnr. Wentzel ook voorheen hier onderwys gegee maar die gebou is in 1863 ietwat verbeter.

Daar was van die begin af 21 leerlinge wat elk 5/- maandeliks betaal het en aan wie die volgende vakke doseer is Engels, Rekenkunde, Geografie en Geskiedenis. Die skool is geklassifiseer onder die eerste graad staatsondersteunde skole en was alleen vir blanke seuns bedoel. Hier het ons dus weer die eerste Staatsondersteunde skool vir blankes op die dorp self, Na die sluiting van Mnr. Wentzel se skool. Van nou af sou seuns en meisies op die dorp apart onderrig ontvang. Een van die beste privaatskole vir dames was die een waargeneem deur Mej. Garcia, die dogter van die toenmalige magistraat na wie die Garciaspas in die Langeberge later genoem is.

Gelyktydig met die oprigting van die Jongenskool op die dorp is 'n tweede plaasskool in die lewe geroep om in die behoefte van die plaaskinders te voorsien. Hierdie skool was te Weltevrede in die distrik van Riversdale en was vanaf die begin veel meer belowend as die eerste plaasskool te Vetrivier. Dit was 'n gemengde skool met 60 leerlinge en twee onderwysers ,'n man en 'n dame, het die onderwys waargeneem. By die gewone vakke is ook nog naaldwerk en musiek doseer tenspyte van die feit dat hierdie skool slegs 'n derde graad skool was. Ongelukkig het hierdie skool te Weltevrede slegs vir een jaar bestaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat die Sendingskole op die dorp en distrik aangegaan het, het die Engelse Sendingskool weer sy prestige herwin. Die N.G. Kerk kon nie vol hou met die Sendingskool op die dorp nie en die getalle van die Engelse Sendingskool groei weer aan tot 108. Die skool word nou verhef tot 'n "Aided Mission School, Order I"[8] en die aktiwiteite van die skool word breedvoerig in die Rapport van Dr. Dale uiteengesit. O.a. sê hy dat daar drie afdelings in die skool is en die Skoolfooie het 3d, 2d, 1d. weekliks beloop vir die drie afsonderlike afdelings. Beide blank en gekleurdes het nog steeds die skool besoek. Die werk wat in die drie afdelings gedoen is, is as volg.

ÂFDELING I.

Die leerlinge lees Engels gemaklik, ken elementêre rekenkunde, kan skryf en weet iets van Geografie.

AFDELING II.

Engelse lesse word maklik gelees, die eenvoudige reëls in rekenkunde asook die tafels word geleer en 'n bietjie beskrywende Geografie.

AFDELING III.

Dit is die voorbereide klasse waar die A.B.C. spel en skryf op leie gedoen word.

Die S.G.O. het hierdie skool as baie bevredigend beskou en het melding gemaak van die goeie organisasie, dissipline en netheid van die skool en die feit dat hoewel die gebou klein was dit tog goed gemeubileer was. Die Sendingskool van die

8) Appendix I Vol. I to Votes & Proceedings of Parl. 1864

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engelse Kerk was dus 'n groot aanwins vir Riversdale.

Die Berlynse Sendingskole te Amalienstein en Ladysmith het ook veel bygedra tot die bevordering van onderwys in die distrik, veral onder die kleurlingbevolking. Tenspyte van die eerste mislukte poging van die N.G. Kerk, het 'n tweede sendingskool tog sy verskyning gemaak, hoewel nie in die dorp nie. Hierdie sendingskool van die N.G. Kerk is opgerig te Zoar, ook in die distrik van Riversdale en die behoefte aan onderwys was daar so groot dat onmiddelik 142 leerlinge hul aangemeld het. 'n Onderwyser en assistent het die werk op hul geneem en die fooi was slegs 'n ld. per week.

Dit is opmerklik hoeveel nadruk gelê is op die noodsaaklikheid van kleurling-onderwys en hoe sterk die verskillende kerke hul daarvoor bearbei het. Ons het nou die posisie dat hoewel daar vyf blanke skole te Riversdale is. nl. die Jongenskool, Eerwaarde Taylor se skool vir seuns en 3 klein privaat dames skole, het ons die groot Engelse Sendingskool met meer skoliere as al vyf blanke skole saam, twee Berlynse Sendingskole, een te Amalienstein en een te Ladysmith en ook, 'n Sendingskool op Zoar, met 'n baie groot ledetal, onder beskerming van die N.G. Kerk.

Die kleurlingbevolking was dus goed geholpe maar die blanke bevolking van Riversdale het geensinds gevind dat die woorde van Sir John Herschel nl.

"the Education of the people is a duty of Government" 9)

in hul geval van veel waarde was nie. Daardie woorde is op 17

9) Appendix II To Votes and Proceedings of Parl. 1863.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Februarie 1838 deur Sir John Herschell geuit en wel in die jaar van Riversdale se stigting, maar in 1863 kon Riversdale nie daardie lof aan die Regering toeswaai nie. Dat die bevolking self ook veel skuld gehad het is geensins te betwyfel, maar 'n groter mate van aanmoediging en ywer van Regeringskant, sou veel bygedra het tot die verbetering van onderwyssake op Riversdale.

Die blanke skole op die dorp as ook die Sendingskool van die Engelse kerk het feitlik nie die Hollandse taal doseer nie. Dit was gebruiklik in daardie tyd aangesien alleen Engels verpligtend was in Staatsondersteunde skole. Verder het skole vir blank en gekleurd meer of min dieselfde leerplan gevolg alhoewel Matesis vanaf 1864 in die Jongenskool opgeneem is. Die getalle in die skole, natuurlik, was gladnie te vergelyke nie aangesien die Sendingskool in 1864 111 leerlinge gehad het, beide seuns en meisies, blank en gekleurd en die Jongenskool alleen 22 in getal was. In 1864 is aan die Sendingskool 'n assistent gegee om die onderwyser by te staan aangesien die verwagting op 'n vermeerdering van getalle die volgende jaar baie groot was. Die hoop is ook geensins verydel aangesien die getal in 1865 tot 184 aangegroei het.

Dit het geblyk dat getalle feitlik in al die skole in 1865 gestyg het. Die Jongenskool kon nou spog met 26 seuns en dit is miskien toe te skrywe aan die feit dat van die begin van die jaar ook Hollands doseer is en die Hollandsprekende kind derhalwe meer aangetrokke tot die skool gevoel het. Ook te Zoar waar 'n sendeling van die N.G. Kerk die onderwys waargeneem het, het die aantal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leerlinge nou op 104 gestaan. Dit is opmerklik dat in hierdie skool alleen Hollands en geen Engels onderwys is, wat natuurlik iets baie buitengewoons was. Alleen te Ladysmith het die getalle verminder, tot 21 en die leraar van die Lutherse Kerk wat ook as onderwyser opgetree het, het sy taak nie 'n maklike gevind nie.

In 1866 word die Jongenskool op Riversdale geklassifiseer onder die "Undenominational Public Schools Class II"[10]) en in die S.G.O. se rapport van hierdie jaar word as volg van hierdie skole geskryf

> "The Public Schools are under the direction and control of managers, and are required to be strictly undenominational as regards the instruction given during the ordinary school hours. An average daily attendance of at least twenty to thirty children is required to be maintained in each school"[11])

Op Riversdale sê die S.G.O. is 40 leerlinge wat elk 4/- per maand skoolgeld betaal en in die volgende vakke onderwys ontvang nl. Engels, Hollands, Geografie, Rekenkunde, Matesis, Geskiedenis, Latyn, Musiek en Teken. Dan word van 'n nuwe skool melding gemaak te wete 'n Derdeklasskool te Jonkersfontein in die distrik van Riversdale, met 28 leerlinge, seuns en dogters. Die klasse is waargeneem deur 'n onderwyseres en sy het alleen Engels, Hollands, Rekekunde en Naaldwerk gegee.

Van die ondersteunde Sendingskole was die Engelse Sendingskool nog steeds uitstaande en het so floreer in 1866 dat drie

10) Appendix I & II Report of Ed. for the Year 1866.
11) Ibid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

persone nou die onderwys in daardie skool waargeneem het. Ook die Sendingskool te Zoar het nie agter gestaan nie en die twee onderwysers het nog 'n assistent bygekry om hul te ondersteun.

Tot dusver is dit opmerklik dat waar die Staat ondersteuning gegee het, dit alleen ten behoewe van seuns was, behalwe natuurlik heel in die begin toe die distrikskool van Mnr. Wentzel vir beide sekse geopen is. Ook in die distrik was dit anders, soos die skole te Weltevrede en later te Jonkersfontein getoon het. Maar op die dorp self het die meisies alleen onderwys in privaatskole ontvang. Maar in 1870 word die behoefte aan 'n skool vir dames baie sterk gevoel en dit lei tot die volgende brief aan die Departement

Riversdale,
29th July, 1870

Sir,

In accordance with the Government regulations we take the liberty respectfully to request that you will be pleased to convene a meeting of householders to take into consideration the desireableness of establishing a first class undenominational public Girls' School at Riversdale" ~~36~~ 12)

Die entoesiasme vir 'n Meisieskool was so groot dat deur bemoeiing van Eerwaarde D. Heese 'n Mej. Peters uit Duitsland (Danzig) ingevoer is. Die skool wat beskikbaar gestel is, was 'n buitegebou op die Berlynse Sending Genootskap erf net langs die Lutherse Pastorie. Die Skool van Mej. Peters het so be-

12) ~~36~~) Riversdale Letters Received Miscellaneous 1848-1887.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

roemd geword dat die jong dames van die omliggende distrikte ook daarheen gekom het. Gelyktydig met hierdie skool het 'n Mev. Grey 'n kleuterskool geopen wat sy vir baie jare aan die gang gehou het, tot dat sy Mej. Peters as hoof van die Meisieskool opgevolg het.

In 1871 kry ons dus 'n algehele nuwe ontwikkeling. Voortaan ontwikkel daar op Riversdale twee groot blanke staatsondersteunde skole, een vir seuns en een vir meisies. Die een ontwikkel langs die ander en selfs vandag is die beginsel van skeiding tussen seuns en meisies nog van toepassing.

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE.

1. Backhouse : A Visitation to Mauritius and the Cape

2. Borcherds : Memoirs

3. Gory G.E. : The Rise of South Africa 1838 - 1846 Vol. IV.

4. Dekenah I. : Riversdale Echo : A History of Riversdale.

5. Bishop Gray : A Journal of the Bishop's Visitation Tour through the Cape Colony in 1848.

6. Bishop Gray : Ibid 1850

7. Dr Hoge en Dr. Franken : Annale van die Universiteit van Stellenbosch. (Name van werke)

8. Jeffries K.M. : The Memorandum of Commissary J.A. de Mist.

9. Leibrandt : Rambles through the Archives of the Colony of the Cape of Good Hope 1688 - 1700

10. Lichtenstein : Reizen in het Zuidelyk Gedeelte van Afrika.

11. Merriman : The Kafir, the Hottentot and the Frontier Farmer.

12. Theal : History and Ethnology of the Cape Colony gefore 1795 Vol. II & III

13. Ibid : History of South Africa since 1795 Vol. I - IV.

14. Letters Received Robertson etc. 1851-1859

15. Cape of Good Hope-Education 1838-1858.

16 Letter Book Education 1848 -1858.

17 Consistories (844) 1838

18. Consistories, Clergyman and Missionaries 1839 - 1843.

19. C.O. Swellendam & Caledon- 1839 (867)

20. C.O. Ecclesiastical Educational 1845 Colonial Office.

21. To Votes and Proceedings of Parlement Cape of Good Hope First session 1854.

22. Appendix I to Votes and Proceedings of Parliamant 1855-1868

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

23. Swellendam (840) 1838.

24. Swellendam and Caledon 1839 - 1848

25. C.O. Stellenbosch, Paarl, Caledon & Swellendam 1842-1843.

26. C.O. Swellendam & George 1844.

27. Swellendam, Caledon & George 1845-46

Riversdale Argief

28. Letters Received Miscellaneous 1848-1887

29. De Zuid Afrikaan 1838-1851.

.....